



www.ptawoodworkers.com

Februarie 2017

February 2017

This month

- *Editorial* 1
- *The Chairman's bit* 1
- *Cabinetmakers' meeting:* 3
Magnificent Cutting boards
- *Draaiersbyeenkoms Februarie:* 7
Skerpmaak van draaibeitels
- *Die Stompiesgroep* 10
- *'n Gas van die Stompiesgroep* 11

of the **Woodworking Association of Pretoria** are automatically members of the various groups or activities within the association itself. (See "Die stompiesgroep further on".)

In closing, I want to ask all our members to make contributions to **Tambotie**. This may be in the form of letters of complaint, (praise will also be accepted) suggestions or interesting articles. By having an active readership, we may succeed in making the newsletter worth our while.

VAN DIE VOORSITTER

FROM THE CHAIR

Editorial

Following the comments of January, I want to mention that I am impressed with way that our sub groups have taken to the use of social media. The people who share these groups really make use of it and it is apparent that they *use* it instead of sending all those frivolous messages.

Of late the sub-groups are receiving a lot of interest from the members, looking at the attendance at these meeting. However, all our members should remember that all the members



Meetings, expo's and get-togethers in a nutshell...

- **11 February:** Furniture Makers & Restoration Group at Peter (Tiny) Honegger's workshop
- **13 February:** first Management Meeting of the 2017 elected committee at Jehan Krüger's home
- **22 February:** Monthly Meeting at Stadtmission Auditorium
- **25 February:** Woodturners' Meeting at Boy Scouts Hal

'n Nuwe jaar, 'n nuwe bestuur; behoud van die goeie, en vestiging van nuwe inisiatiewe

Benewens die voorsitter, Jehan Krüger, wat tydens die Algemene Jaarvergadering direk verkies was, is dit die gebruik dat die Bestuur sy ander ampsdraers tydens die eerste komiteevergadering verkies. Op 13 Februarie is die volgende ampsdraers verkies:

- **Ben Prinsloo** **Ondervoorsitter** (in die plek van uitgetrede Dries du Toit)
- **Neil MacKinnon** **Tesourier** (herkies)
- **Jan Richter** **Sekretaris** (in die plek van uitgetrede Dirk Wolmarans)

Hulle vorm saam met die voorsitter die Dagbestuur (of ExCo). Die Voorsitter, Ondervoorsitter en Tesourier vorm op hulle beurt die Finansiële Komitee en het/verkry tekenmagte op die bestuursrekeninge.

Met vier nuwe lede op die Bestuur is dit natuurlik nodig dat hulle 'n oorsig kry oor die komitee se werksaamhede en verantwoordelikhede. Ek het tydens hierdie geleentheid my visie met die BK gedeel. Om dit te verwesenlik is dit nodig dat elke lid sy rol goed verstaan en uitvoer. Afgesien van individuele rolle is dit noodsaaklik dat 'n aantal funksionele subkomitees geskep word. Dit sal binnekort gefinaliseer word.

Ons het beslis 'n baie vol besprekings- en beplanningsprogram vir 2017. Behalwe om 'n sinvolle program vir 2017 saam te stel, gaan ons onself beywer om op 'n verskeidenheid terreine waarde toe te voeg. Hierdie inisiatiewe sal tydens die volgende twee bestuursvergaderings gefinaliseer word. Ons poog ook om deursigtig op te tree, daarom sal ons, net soos verlede jaar weer ons maandelikse komiteevergaderings se sakelys en daarna die goedgekeurde notule op die webblad ter insae plaas. Ons moedig lede aan om te gaan kyk, kommentaar, kritiek en voorstelle te maak vir verdere oorweging.

Dit was ook 'n goeie geleentheid dat Louw Trichardt (Tambotie Redakteur) en Leon Wolmarans (HWVP se Webmeester) die vergadering bywoon en geleentheid gegun is om hul onderskeie behoeftes te deel en te bespreek. Ons as Bestuur is daartoe verbind dat ons albei se portefeuljes daadwerklik wil bevorder en ondersteun. Onvermydelik het dit 'n baie lang vergadering geword, maar minstens het almal vertrek met 'n goeie oorsig en genoeg insig!

The Furniture/Cabinet Makers and Restorers Meeting of 11 February 2017.

Peter (Tiny) Honegger hosted the meeting in his large home workshop. He uses wood-scrap and other potential waste bits and pieces in ingenious ways to make exquisite cutting boards, coasters and trays. He being a typical, dyed-in-the-wool Swiss one cannot help but to marvel at the precision and accuracy of his work. Quite exquisite. (Please read the full article elsewhere in Tambotie). Oh yes, and he is a giant of man - and it shows in the height of his worktable and wall cabinets. The stand of his drill press is at (my) chest height, and I am a tall man (188 cm)!

Maandvergadering van die Vereniging by Stadtmission op 22 Februarie 2017

Ek het verlede maand geskryf dat ongelukke en amper-ongelukke die onderwerp van bespreking was by die Meubelmakers en Restoureerders se eerste byeenkoms In Januarie vanjaar. Fisiese beserings is vanselfsprekend uiters onwelkom. Die vraag is ook gevra of jy al ooit gedink het aan al die moeilikheid wat jy van die Ongevalle Kommissaris kan verwag as een van jou handlangers beseer word.

Maar natuurlik is fisiese beserings glad nie die enigste gevare in 'n werkswinkel nie. David Barnard, een van ons nuwe bestuurslede en ook 'n persoon met baie werkservaring in die Beroepsveiligheid en -gesondheidssektor het tydens ons maanvergadering 'n lesing aangebied oor die toepaslike wetgewing en geassosieerde voorkomingsmaatreëls en ook die aaklige gevolge van nalatigheid. Hy het ook oor brandgevaare gesels. Dit was skrikwekkend en skokkend om te sien hoe geweldig vinnig die temperatuur toeneem tussen die eerste minuut en slegs 'n paar minute later.

Draaiersbyeenkoms op 25 Februarie 2017

Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd het die draaierslede nie by die Scoutsaal bymekaar gekom nie, maar wel by die groot en indrukwekkende werkwinkel van Francois van Wyk. Ons is deur Carel van der Merwe getrekteer op 'n uitstekende aanbieding oor die slyp van gutse en beitels vir draaiwerk. Daar was ook oudergewoonte pragtige items wat as huiswerk, of as wys-en-vertel" uitgestal en bespreek is. Regtig 'n klomp talentvolle manne! Lees gerus die artikel hieroor elders in Tambotie)


Die jaar is skielik weer besig en almal volstoom aan die gang. Baie dankie aan 'n ieder en 'n elk vir julle betrokkenheid. Ons is besig om 'n omvattende Jaarprogram op te stel en dit sal binnekort aan almal gestuur word. Dit sal beslis help om jou besige jaar vroeg-vroeg reeds te beplan. Geniet intussen die maand wat voorlê se aktiwiteite en byeenkomste, en onthou – houtwerk is 'n heerlike passie en prioriteit, moenie dit afskeep nie!

Tot volgende keer,

Jéhan

Cabinet makers and restorers' meeting: 21 February 2017 at Peter Honegger's workshop

**By Louw Trichardt and Peter Honegger
Photos by Jéhan Kruger**



Dries du Toit ran the show on Neville's behalf. We started with a few administrative aspects such as notifications of coming events, including early reminders about Project Plank and the Exhibition.

The chairman, Jéhan Kruger used this occasion to hand over certificates to Peter Honegger. Peter won these for his Cutting Board and the extraordinary Jewellery Box that he entered for the 2016 Exhibition.

Peter then took charge of his work space to tell us how he goes about it to make unique cutting boards.

As cabinet makers, we are very aware of the amount of “off cuts” that we produce with every item we make. This seems to be the bane of all woodworkers. Whenever you open a book or periodical on woodworking, you see practical boxes and shelves that will help you to “store” awkward pieces of wood: **too small to use and too precious for the dustbin.** (You even get a lot of advice on how you should make your own rules on what the size of scraps should be to qualify for the dustbin, irrespective of what kind of wood it is.) This abundance of scrap is scary once you start calculating the costs! The visit to Peter’s works gave a lot of us great ideas on how one may be able to make a few more Rand from all the precious wood that we discard.

One of the first impressions upon entering Peter’s workshop, is the containers full of “scrap” wood. Some of it already glued in a certain configuration. (To the uninitiated, it is virtually impossible to visualise the end result that may be achieved with these, let alone how to get to any result.)



Fig 1. One of the many boxes of blocks and scraps that will eventually emerge as cutting blocks. These are offcuts from the cutting board making process. So, even when making cutting boards, you will end up with more offcuts.

We firstly had a good look at a wide variety of cutting boards. Most of these had all of us thinking about how one should cut and arrange pieces of wood to create all the wonderful, arranged (and seemingly random) patterns that were on display. (See fig 2 and 3, for just 2 possibilities) Furthermore, it was clear that there must be an unlimited amount of possible visual effects that can be achieve. The different types of wood, sizes of the blocks as well as the variations of the cutting direction when cutting the blocks. have unlimited possibilities. The

only limitation is your ability to get everything in the right (or appealing) place!



Fig 2. A cutting board with blocks that were sorted in a reasonable random way.



Fig 3. An example of a cutting board where the blocks forming the background were arranged randomly while the rest were arranged to form a specific pattern. This is the Swiss flag. (Official size and proportions: Peter being a patriot from Switzerland.)

Our host then embarked on a well prepared and informative lecture/demonstration on how to make special, yet very practical, and beautiful cutting boards. All the possible techniques, procedures, tools as well as the finishing, that is required, were discussed in detail.

Peter showed us his, not necessarily smart, saw and planer. (To me it showed that a true craftsman can make tools work properly. Ed). We were then shown his set up for gluing, including the clamping system. Although quite simple, it proved to be a very effective way for keeping parts, tools and glue organised to ensure smooth, yet accurate, procedures. He pointed out that, with all the cutting and chopping done on it, a cutting board will take a good pounding in its life time. This requires that only the best quality hardwoods should be used. The gluing must be done with high quality waterproof glue which

should be applied generously to prevent the failure of any of the numerous glue lines. The glue should be able to stand all the washing and cleaning that a cutting board will be exposed to. (not machine washable!) And it should be food safe too.

In its most basic form, a cutting board starts out as various strips of hard wood glued together. The glue-up is then run through the Planer and thicknesser This may then be cut to the size you require. However, this will result in an uninteresting “glued up plank” that will be very vulnerable to ugly cuts and scratches. To make it more durable and less prone to ugly marks, we want to have the face side made up of “end grain” blocks of wood. The end grain provides more durable, interesting and beautiful patterns.

How to make a relatively simple cutting board

The following is based on an “entry level” cutting board. (As in fig 2) Once you have the hang of it, you can start experimenting with your own creativity, get new ideas from the internet, or you may tap Peter for advice. (See fig 3)

1. Gather all the scrap wood you have, or buy the required species. Lay them out on your work bench and sort them. The goal is to have a similar thickness and length to avoid more offcuts. The width of each strip does not matter, in fact the more random the better. If you can mix colours, you will get a more interesting board and the more glue-ups you make, the more possibilities you have to mix and match later. The total width (minus about 2cm) of your layout will either be the width or the length of the finished board.
2. Make sure that all the sides that will receive glue are parallel and flat. Glue them all together as a plank, but not wider and thicker than your planer and thicknesser can handle... and of a similar width for less offcuts when mix and matching. Once dry, minimum 12 hours later, run your plank over the planer to flatten one side and then through the thicknesser to get both surfaces parallel. The planks can be of various thickness.

3. Next you cut the minimum off one end of the glued-up plank to get a nice straight edge. Then crosscut all the planks into as many strips as you can get out of them. I usually make them about 46mm wide for a finished cutting board thickness of about 40mm.
4. Stand all cut strips upright and have fun mix and matching from the different glue-ups, or flipping them around, to build up your board. Now you will get the first rough look at the finished product. Line up as many strips that you need to get to the desired size and then add one or so to have room for cutting to size at the end. Once satisfied with the pattern, draw a triangle, or any other shape, with a pencil over all the strips. That will help you later to get them into the right position again if you happen to mess it up.
5. Glue out again! A narrow paint roller usually helps a lot for spreading that amount of glue and, if rolled up sealed in Clingfilm, it will stay wet for a week. So, no cleaning needed or glue wasted, if you can only continue next weekend. Lay all the strips on their side and work fast! An even and thick glue coverage is important and it needs to happen before the glue starts drying.
6. Once you have the even and thick Glue coverage, stand your pieces up again and start lining them up on a set of pipe or parallel clamps, using your triangle or drawing to check that each strip is at the right place. Make sure that one of the long sides is as even and flat as possible, this will be your reference side for the final sizing of the board. Clamp everything tight and well, spacing the clamps not more than 5 cm apart. (Do you have that many clamps?) Ensure that the strips do not slip and slide too much. If a strip slips up 2mm you will need to plane that down and the whole underside up to the wood again. That means you lose as much as 4mm in thickness...
7. 24 hours later: Time to take all these clamps of. Run the flatter side over the planer to get it flat, then through the thicknesser. Now it's time to cut to final size. Using the reference side, start

cutting all the edges of to the size required. By doing that you will also cut of the tear out from the planer and thicknesser.

8. The next is: Sanding, sanding, sanding. Till you are happy with the surface quality. Do not forget the sides!
9. Use a router to make finger grooves on the ends.
10. Add some anti slip rubber feet, if you wish.
11. To seal the board use Tung, worktop or mineral oil. Do not use any food oils, as they will go rancid after a while.
12. **Done**

It was pointed out that the finishing should be food friendly, and at the same time provide a good protection, apart from the fact that it should be easy for the owners to repair the finish themselves. (Dispense a few ml of the finish and sell it with the cutting board. **By doing this you will be rid of the customer for a long time** and your hand work will, hopefully, retain its beauty.)

The amount of glue needed to complete a cutting board is astounding. Make sure that you have plenty when you start the glue up, and make sure that you use enough on all the glue surfaces.



Fig 4. A few examples of glue that will be suitable for the cutting boards. (Good quality, waterproof glue)



Fig 5. Rustins is an excellent example of a food safe finish.



Fig 6. Another example of how one can arrange the blocks to form a specific pre-conceived pattern.



Fig 7. Peter with a tray that was made using laminating techniques. However, quite a bit more thinking and planning went into this.

By using the following link, and adding your own imagination, an infinite variety of cutting board projects are available. (www.mtmwood.com/en and www.youtube.com/user/mtmwood)



This is just one of many examples of cutting boards that can be made by using the plans available on the internet.

Draaiersbyeenkoms Februarie 2017

Deur Lou Coetzer

Gedurende die “lewe” van enige vereniging is daar altyd ‘n paar hoogtepunte wat uitstaan.

Die Februarie-byeenkoms van die draaiers sal as so ‘n hoogtepunt onthou word. Dit is teweeg gebring deur ‘n handvol gebeure wat saam ‘n groot impak gemaak het. Eerstens het ons nuwe sameroeper, Jan Richter en sy drieman-komitee, ‘n puik byeenkoms gereël. Dan het ons in Francois van Wyk se nuwe, netjiese werksplek vergader, en het Carl van der Merwe ‘n baie volledige en insiggewende praatjie gelewer oor die skerpmaak van draaibeitels asook aanverwante sake. Die “Leermeester” sou baie trots op sy “Leerling” gewees het.

Met 30 lede wat die byeenkoms bygewoon het, kan die opkoms as baie goed gereken word. Ná die verwelkoming het Jan almal genoem wat tot en met die volgende byeenkoms verjaar en by

voorbaat geluk gewens – in besonder Johann Basson wat sy verjaarsdag saam met ons kom vier het.

Die ander administratiewe sake wat Jan afgehandel het is ons groep se deelname aan vanjaar se Hobby-X in Pretoria, met lede wat aangebied het om te demonstreer, en die draaiers se Mentorskappe. Die eersvolgende mentor-aanbieding is deur At Smit en Carl van der Merwe op Saterdag 11 Maart. Dit sal oor die gebruike van ‘n bakguts wees vir uitholwerk. Die lysie deelnemers is reeds vol geskryf. Die volgende mentorbyeenkoms is op Saterdag 1 April by Lou Coetzer. Dit sal handel oor die draai van veral servetringe. Daar sal plek wees vir vyf deelnemers. Jéhan Kruger het gevra dat alle mentorbyeenkomste by die oorhoofse bestuur aangemeld word, omdat ‘n jaarkalender met alle aktiwiteite in ons vereniging daarop aangedui gaan word. Dit sal vir almal op ons webblad beskikbaar gestel word.

Toe kom Carl aan die beurt. Tussen alles wat hy vir sy praatjie aan-gedra het, en wat Francois ook beskikbaar gestel het, was daar ‘n vrag gereedskap, apparate en ander bykomstighede om die praatjie mee toe te lig. Carl het sy praatjie onder die volgende hoofpunte verdeel:

1. Toerusting benodig vir die skerpmaak van beitels;
 - a. Slypers (grinders) – droog en nat
 - b. Soorte slypwiele (grinding wheels) – kleur, grofheid en grootte
 - c. Dres van wiele – wanneer en hoe
 - d. Setmate (jigs) of vryhand slyp?
2. Soorte staal waarvan beitels gemaak is;
3. Soorte beitels en die verskillende hoeke waarteen hulle meesal geslyp word.

Met sy aanbieding het Carl verseker dat hy genoeg kennis oorgedra het om **baie** vrae te ontlok. Daar was baie goeie interaksie tussen hom en die lede teenwoordig. Ons het werklik baie wenke vir die skerpmaak van draaibeitels gekry



Carel van der Merwe luister na 'n vraag. Die agtergrond wys 'n deel van Francois se netjiese en goed georganiseerde werksplek.

Met soveel inligting om te verwerk en aan te herkou, moes daar eers asem geskep word rondom lekker bekere koffie en tee. Ongelukkig het Francois geluister na Jan se kwaai versoek van “geen verversings”, anders het ons dalk pannekoek gekry.

Ná pouse is die byeenkoms hervat met bespreking van die huiswerkstukke waarvan 'n paar pragstukke dadelik die oog gevang het (kyk die foto's daarvan). Almal was dit eens dat David Malan se gesegmenteerde vaas die “toekenning” as beste stuk moet kry.

Hoewel die huiswerk 'n potjie met skroefdeksel en 'n ingelegde glasfles was, het net Kobus Mostert bewys gelewer dat hy dit probeer het. Die ander het vertel van “pogings” wat misluk het en Leon Wolmarans het so 'n potjie van lank gelede kom wys. Die huiswerk vir volgende byeenkoms is 'n houtfluit. Jan Richter sal die planne en ander inligting daarvoor per e-pos uitstuur.



Die somtotaal van die draaiers se huiswerk. Die twee groot bakke is Johan Labuschagne s'n van Bergkareeknoets (regs) en Leon Langenhoven s'n van Bostaaibosknoets (links).

Die dag se verrigtinge is afgesluit met die gebruikelike lootjietrekking vir geskenkte items. Francois het 'n reuse tafel daarvoor voorsien en het self 'n groot klomp stukke geskenk. Die teenwoordiges het behoorlik baljaar.

Die volgende draaibyeenkoms sal weer in die Scoutsaal wees.

Die foto's word groter as normaal geplaas sodat diegene wat nie die byeenkoms bygewoon het nie 'n beter idee kan kry van die besondere werk wat hier betrokke is. Red)



David Malan se pragstuk wat uit vier soorte hout saamgestel is. Dit bied 'n reuse uitdaging aan 'n draaier.



Die versierde Jakarandabak van Carl van der Merwe in samewerking met sy dogter.

Die Stompiesgroep

Deur Rheinald Bohringer

Dinge is aan die gebeur onder houtwerkers. 'n Paar het hulself onder die vaandel "plankiesgroep" gegroepeer – maar dis 'n ander storie! Houtwerkers werk nie net met planke nie - sommige takel ook houtstompe om hul ding te doen. Vier draaiers het gevolglik die "stompiesgroep" gestig. Dis nou Willie de Wet, Mike Potgieter, Leon Wolmarans en Reinald Böhringer. Hulle kom ongeveer maandeliks byeen, deels om sosiaal te verkeer, maar hoofsaaklik om hul stokperdjie te beoefen.

Die stompiesgroep het al uiteenlopende dinge gedoen. Eerstens het ons mekaar se werksplekke besoek om uit te vind wat elkeen in sy arsenaal van masjiene en gereedskap besit en hoe dit gebruik word. Ons het ook baie interessante besoeke aan "The Woodturner" in Bronkhorstspuit, die ateljee van beeldhouer Danie de Jager gebring en selfs 'n toer deur die Ford-monteerfabriek in Waltloo onderneem.

Ons onlangse bymekaarkom was besonder interessant. Ons het 'n holvorm met brandwerk as saamwerkstuk (*collaborative piece*) vervaardig. Willie het 'n stuk Jakaranda op sy Stubby voorberei en elkeen het 'n kans gekry om die diep-utholgereedskap te gebruik wat Willie self vervaardig het. Leon en Reinald het daar en dan besluit om soortgelyke utholmeganismes te bou! Miskien sal ons vorentoe oor die vervaardiging daarvan in **Tambotie** verslag doen.

En toe kom die versiering van die vaas aan die beurt. Mike het van 'n tegniek om brandwerk op hout te maak, te hore gekom. Die tegniek benodig 'n mikrogolfoond se transformator en 'n koeksoda-oplossing. Nadat die koeksoda-oplossing op die hout gevef is word die twee hoogspanningspole van die transformator met die hout in kontak gebring, die krag aangeskakel en siedaar, die mees interessante, en onvoorspelbare brandpatrone ontwikkel op die hout! Kyk by onderstaande foto hoe dit lyk.

Ons is seker dat elkeen wat die eindresultaat van die tegniek gesien het dit ook sal wil probeer. Daarom die waarskuwing: daar word met "oop" elektrisiteit van sowat 2000V gewerk en groot hoeveelhede irriterende rook ontwikkel.



Hierdie groep “vriende” lyk asof hulle lus kan wees om buitengewone, of anderster, goed aan te pak. Met goeie resultaat soos die volgende foto kan getuig.



Die resultaat van al die moeite en dapperheid.

(Met al die aanbiedings oor veiligheid, wat ons die laaste tyd gehad het) word vertrou dat hierdie ouens spesiale reëlins getref het om veilig te bly. Hulle lyk nog OK, hoop net dis nie toevallig nie, maar deur doelbewuste optredes. Red)

‘n Gas van die Stompiesgroep

Hierdie groepie se samestelling (ledetal) beperk is tot mense wat nie juis tydgebonde is nie en almal kan in een motor kan inpas. (*Hulle het egter ook ‘n klompie gemeenskaplike belangstellers en woon gerieflik naby genoeg aan mekaar.*) Met hul besoek aan **Ford** se aanleg, het hulle ‘n paar ander mense saamgenooi. Dit was seker grootliks te danke daaraan dat ‘n groter groep vir **Ford** meer aanvaarbaar sou wees.. As een van die genooies, natuurlik met my eie vervoer, kan ek noem dat dit ‘n baie aangename ervaring was om die besoek te kon mee maak.

As ‘n groot internasionale firma het **Ford** baie moeite gedoen om aan ons te wys hoeveel hulle met hul aanleg tot Suid-Afrika bydra. Hulle is baie ingestel om mense op te lei- selfs buite hul eie werke. Hul benadering sorg ook vir goeie arbeidsverhoudinge.

Na ‘n deeglike voorligting is ons op ‘n treintjie gelaai en deur die aanleg, waar die voertuie aanmekaar gesit word, geneem. By verre die meeste werk word deur robotte gedoen. Dit is indrukwekkend om te sien hoe ‘n klomp plate en onderdele in ‘n beperkte tydjie vorder tot waar ‘n bakkie deur ‘n intensiewe kwaliteitstoets, insluitend ‘n rit op ‘n toetsbaan, geneem word.

Met ons uitloop na die beginpunt kon ons ook vlugtig na ‘n groepie splinternuwe **Mustangs** kyk. (*Hulle word nie hier gemaak nie, dog is soos altyd baie mooi karre!*)



Almal aan boord. Elkeen het ‘n eie kopstuk gehad sodat ons mooi kon hoor wat alles tydens die rit te sien was!